14 September **Skrifgedeelte: Spreuke 30**
Fokusgedeelte: Spreuke 2:10-12

Die gelowige se oordeelkundige optrede

Hoeveel keer twyfel jy oor wat jou te doen staan? Dit is nie so maklik om tussen goed en kwaad te onderskei nie. Daarom gee God praktiese raad: "As jy aanneem wat ek jou sê, sal jy insig kry" (vers 9) en "oordeelkundigheid sal oor jou wag hou" (vers 11a). Wie God se Woord in berekening bring in sy lewensoptrede, beskik oor: oordeelkundigheid, oorleg, bedagsaamheid en diskresie. Iemand wat so optree, tree weldeurdag op. Dit is "om jou verstand te gebruik" (Pred 10:10). Oordeelkundigheid voorkom dwase en sondige dade. Oordeelkundige optrede beteken 'n optrede ná sorgvuldige oorweging. Wie na die Woord van God luister en daarvolgens leef, kan alles met ‘n gesonde verstand aanpak. God beskerm sy kinders deur aan hulle bedagsaamheid te skenk. Dan bewaar vrome bedagsaamheid en Godvresende lewensinsig die gelowige vir alle kwaad en ellende (Spr 13:13, 4:6, 14:26). Inderdaad is dit so dat die wysheid uit die Bybel jou beskerm teen dwase optrede (Pred 7:12). Daar is 'n Afrikaanse idioom wat sê: Besin eer jy begin. Dit is wat Spreuke 2:11 sê. Eers besin, dan doen. Eers die saak nugter oordink, dan optree. Wie dit nie doen nie, tree meestal onbesonne op en dompel homself halsoorkop in die moeilikheid. Paulus vermaan die Efesiërs: "Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie” (Ef 5:15). Psalm 119:9 leer dat dit ook die enigste manier is waarop die jongmens sy lewe skoon kan hou.

Sing: Psalm 56:1 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)